

12

BELYDENISSE EN BELYDENISSKRIFTE

So glo ons

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat kennis van die belydenisse en belydenisskrifte ons help om te verstaan wat die Kerk glo.

SPEKIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet –

- weet watter belydenisskrifte en belydenisse ons in ons Kerk gebruik.
- weet waar hulle vandaan kom.
- minstens die Apostoliese Geloofsbelydenis ken.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om hul geloof in ooreenstemming met die belydenisskrifte van die Kerk te bely.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om te verduidelik waarom geloof in God handel.

MEER INLIGTING

Belydenisse en geloofsbelydenisse is en was nog altyd deel van die kerk se verlede en hede. Die oudste en eerste belydenis is dié van Petrus in Matteus 16: 16: *Simon Petrus het geantwoord: "U is die Christus, die Seun van die lewende God"*. 'n Ander en selfs korter vorm van 'n belydenis van geloof in Jesus Christus is die woorde: *Jesus Christus is die Here*. Hierdie belydenis was bekend onder die eerste Christene.

Om jou geloof in Jesus Christus te bely, was van die begin af in die kerk baie belangrik. Ons lees dat belydenisse in die vroeë kerk as gevolg van die volgende gebeure in die kerk en erediens ontstaan het:

- Mense het hul geloof bely wanneer hulle God en Jesus Christus aanbid het.

- Gelowiges het tydens die doop en die viering van die Nagmaal hul geloof bely. Tydens die sendingwerk onder die heidene het hulle hul geloof ook bely.
- Teenkanting teen die Christelike geloof het ook daartoe bygedra dat geloofsbelydenisse (ook konfessies genoem) uitgebrei is.
- Wanneer nuwe en moeilike vrae aan die kerk gevra is, byvoorbeeld oor die godheid van Jesus Christus, is geloofsbelydenisse uitgebrei.

Belydenisse en belydenisskrifte het ook 'n groot rol in die geskiedenis van die kerk oor tweeduisend jaar gespeel. Hierdie geskrifte is hoofsaaklik bedoel om 'n "leidraad" tot die regte verstaan van die Bybel te wees. Verder is dit belangrik dat ons sal verstaan dat die kerk nog altyd daarvan oortuig was dat die geloofsbelydenisse en belydenisskrifte onder leiding van die Heilige Gees ontstaan het.

Alhoewel die geloofsbelydenisse en belydenisskrifte in ons Kerk al baie oud is, is daar altyd die moontlikheid dat nuwe geloofsbelydenisse geformuleer kan word. 'n Belydenis formuleer geloof op 'n nuwe, bindende manier met die oog op 'n gegewe situasie of bedreiging, maar tog so dat die waarheid van die Woord opnuut bely en uitgespreek moet word.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk, as een van die kerke binne die Reformatoriese tradisie, gebruik die volgende:

Geloofsbelydenisse:

- *Apostolicum*, ook genoem die Apostoliese Geloofsbelydenis of Twaalf Artikels.
- Niceense Geloofsbelydenis.
- Belydenis genoem na Athanasius.

Belydenisskrifte:

- Heidelbergse Kategismus.
- Nederlandse Geloofsbelydenis.
- Dordtse Leerreëls.

Die eerste drie staan bekend as die ekumeniese (katolieke of algemene) belydenisse, en die laaste drie staan ook as die formuliere van eenheid bekend.

BELYDENISSE

Die Apostolicum of Apostoliese Geloofsbelydenis of Twaalf Artikels

Teen die einde van die tweede eeu na Christus het daar naas die Ou en die Nuwe Testament ook 'n belydenis ontstaan. Die voorloper van die Twaalf Artikels was die *Romanum*. Laasgenoemde belydenis is teen die jaar 150 na Christus in Rome tydens die bediening van die doop gebruik. Later is byvoegings gemaak, en veral die Tweede Artikel wat oor Jesus Christus handel, is met verloop van tyd uitgebrei. Ons weet dat hierdie belydenis teen 500 afgehandel was, aangesien dit in 'n preek van Caesarius, die biskop van Arles in Frankryk, gevind word. Dit is belangrik om te weet dat hierdie belydenis by die doop uitgespreek is, en dus veronderstel dit dat hierdie belydenis gebruik is in die kategese van nuwe lidmate. Dit is ook gebruik as wapen teen dwaalleringe. 'n Dwaalleer is 'n vals leer oor God of die mens. Hierdie belydenis word ook soms die moedersimbool van die kerk genoem omdat dit deur alle kerke aanvaar word. Dit word ook gereeld in ons eredienste gebruik.

Geloofsbelydenis van Nicea

In 325 is daar tydens die Konsilie (Algemene Kerkvergadering) van Nicea ernstig oor die godheid van Jesus Christus verskil. Arius, een van die leiers in die kerk van daardie tyd, het beweer dat Jesus nie self ook God is nie. Hy was dus nie van ewigheid reeds daar nie. Die kerk moes nou rekenskap gee oor presies wat hulle oor Jesus geglo het. Was Jesus ook 'n skepsel van God, of was Hy self God? Keiser Konstantyn het toe 'n konsilie in Nicea laat hou om die saak op te klaar. Tydens die vergadering is besluit om te bely dat Jesus *verwek, nie gemaak is nie* en dat Hy *waaragtige God uit waaragtige God* is. Hiermee is die leer van Arius verwerp, en hy en sy twee vriende wat nie die belydenis wou onderteken nie, is uit die kerk geban. Hierdie belydenis word ook in ons eredienste gebruik.

Geloofsbelydenis genoem na Athanasius

Die stryd wat Arius begin het, het voortgeduur. Athanasius (293-373) is in Alexandrië gebore en word later ook biskop van hierdie stad in Egipte. Athanasius het volgehou dat die saak oor die goddelikheid van Jesus by Nicea korrek verwoord is. Aanhangers van Arius het tog baie veld gewen en Athanasius is selfs vyf keer in die loop van sy lewe uit die kerk verban. Na sy dood het die drie manne wat bekend staan as die Drie Kappadosiërs, die stryd van Athanasius voortgesit. Hulle was: Basilius die Grote, biskop van Cesarea; Gregorius van Nissa; en Gregorius van Nazianze. Tydens die Konsilie van Konstantinopel (vandag bekend as Istanboel in Turkye) in 381, is die saak van die Drie-eenheid van God bespreek: Een in wese, maar drie Persone, naamlik God die Vader, die Seun Jesus Christus, en God die Heilige Gees. Hier is besluit dat die Heilige Gees uitgaan van God die Vader en die Seun, en dat die Heilige Gees God self in sy kerk teenwoordig is. Hierdie belydenis is na Athanasius vernoem.

Die formuliere van eenheid

Tydens die Kerkhervorming in die 16de eeu het daar 'n spontane begeerte by mense ontstaan om weer hul geloof te bely. Verskeie geloofsbelydenisse is deur onder andere Martin Luther en Johannes Calvyn saamgestel. Geloofsbelydenisse het ook gedien as dokumente wat gebruik is om teologiese (leerstellige) sake te bespreek en om verskille te beëindig. Voorbeelde hiervan is die Augsburgse Konfessie en die *Formulae Concordiae* van Luther. Hierdie geloofsbelydenisse of konfessies het gelei tot die ontstaan van die drie formuliere van eenheid van die Hervormde Kerke in Duitsland, Nederland, Skotland, Engeland, Frankryk en Switserland.

Heidelbergse Kategismus (HK)

In Paltz in Duitsland het Frederik III die Vrome aan teoloë opdrag gegee om 'n kerklike leerboek (kategesehandboek) saam te stel. Zacharius Ursinus en Caspar Olevianus het toe die bekende Heidelbergse Kategismus opgestel en dit verskyn in 1563. Later is hierdie boek ook in Nederlands vertaal en word dit so deur die Nederlandse Hervormde Kerk opgeneem as 'n belydenisskrif. Hierdie belydenisskrif word só ook later deel van ons belydenisskrifte.

Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB)

In Nederland het die Calvinistiese Protestante onder leiding van Prins Willem van Oranje in opstand gekom teen die leerstellings van die Rooms-Katolieke Kerk. Een van hierdie groep se predikante, 'n man met die naam Guido de Bray, het tydens hierdie vervolging in Nederland in 1561 die Nederlandse Geloofsbelydenis opgestel. Hierdie geloofsbelydenis bestaan uit 37 artikels en is 'n uiteensetting van die vernaamste geloofsartikels van die Calvinistiese Kerkhervorming. As geloofsbelydenis van die Nederlandse Hervormde Kerk, het hierdie geloofsbelydenis ook ons Kerk s'n geword.

Dordtse Leerreëls

Aan die einde van die 16de eeu en begin van die 17de het daar in die Nederlandse Kerk 'n aantal strydpunte ontstaan. Die stryd het in hoofsaak oor die leer van die uitverkiesing gehandel. Jacobus Arminius het geleer dat die mens self 'n aandeel in sy verlossing het, want dit is die mens self wat tot geloof kom of nie. Aan die ander kant het Franciscus Gomarus geleer dat geloof alleen 'n gawe van God is en nie deel van 'n menslike prestasie nie. Hierdie meningsverskil het op 'n hewige stryd uitgeloop, en in 1618 het die nasionale sinode in die stad Dordrecht bymekaargekom. Verskillende buitelandse kerke het verteenwoordigers na die vergadering in Nederland gestuur. Die sinode se besluite oor die saak is toe in die Vyf Leerreëls van die Sinode van Dordrecht vasgelê. Hierin word beklemtoon dat die mens alleen op grond van die genade van God 'n uitverkorene is. Ons ontvang geloof alleen op grond van God se genade. Hierdie belydenisskrif het ook ons Kerk s'n geword.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- 'n Diensboek van die Kerk of die boekie *So glo ons* waarin die belydenisse en belydenisskrifte opgeneem is. Kry dit by die dominee of die kolporteur.

KOM ONS BEGIN

- Lees of sing Gesang 261.
- Verduidelik dat hierdie 'n voorbeeld is van 'n geloofsbelydenis wat gesing kan word.
- Open met gebed.

*Ek glo in God, die Vader, almagtig' Skepperheer,
wat hemele en aarde gemaak het en beheer.
Sy troon is heerlikheid, en wonderlik sy dade;
deur sy geliefde Seun verlos Hy uit genade.*

*Ek glo in Jesus Christus – Hy, van die Gees ontvang,
is uit 'n maagd gebore, moes aan die kruishout hang;
het graf en dood oorwin as God bo alle gode,
sal weer as regter kom oor lewende en dode.*

*Die Heil'ge Gees is ewig; is Here en laat leef.
Hy maak sy kerk ook heilig – en één en algemeen.
Aan God drie-enig eer wat sondeskuld vergewe,
die liggaam op laat staan en ewig ons laat lewe!*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Ons het nou net 'n gesang geleses waarin ons ons geloof in God die Vader, die Seun Jesus Christus en God die Heilige Gees bely het. So bely ons elke Sondag in die erediens ons geloof op verskeie maniere. Ons doen dit in liedere en gebede en wanneer die ouderling of predikant

die geloofsbelydenis voorlees. Vra die kinders om eerlik te antwoord of hulle regtig luister en saggies in hul gedagtes die geloofsbelydenis agterna sê as die ouderling of predikant dit tydens die erediens voorlees. Laat die kinders hieroor met mekaar praat.

Verduidelik aan hulle dat om jou geloof te bely, 'n voorreg is, en wanneer jy dit doen, doen jy dit saam met miljoene ander Christene regoor die wêreld vir al byna 2 000 jaar. In 'n geloofsbelydenis sê ons wat en waarin ons glo. Ons het die voorreg om hier in Suid-Afrika ons geloof te bely sonder om bang te wees dat ons daarvoor vervolgt gaan word. Op baie ander plekke in die wêreld is dit nie so nie. Mense word in tronke gestop en selfs doodgemaak omdat hulle hul Christelike geloof bely. Verduidelik aan die kinders dat dit veral in Moslemlande verbode is om jou geloof in Jesus Christus te bely.

IETS INTERESSANT

Maak die besonderhede by MEER INLIGTING jou eie. Wys ons Kerk se Diensboek of die boekie *So glo ons* vir die kinders en wys dat ons belydenisse en belydenisskrifte daarin staan.

Lees Matteus 16: 13-20. Laat die kinders sê wat hulle dink van die antwoorde wat die dissipels gegee het oor wie Jesus is. Verduidelik aan hulle dat Petrus se antwoord die oudste belydenis was oor wie Jesus Christus is. *U is die Christus, die Seun van die lewende God.*

Hou die volgende aan die kinders voor:

- Die eerste Christene het hul geloof bely wanneer –
 - hulle aanbid het,
 - mense gedoop is,
 - die Nagmaal bedien is, en
 - sendingwerk gedoen is.
- Geloofsbelydenisse is uitgebrei wanneer –
 - daar teenkanting teen die Christelike geloof was, en
 - daar nuwe en moeilike vrae aan die kerk gevra is (byvoorbeeld oor die godheid van Jesus Christus).
- Belydenisse het ontstaan onder leiding van die Heilige Gees.
- Ons Kerk gebruik die volgende drie geloofsbelydenisse:
 - *Die Twaalf Artikels*: Dit het begin as 'n doopbelydenis in die tweede eeu en was in voltooiende vorm teen 500 nC gebruik. Dit word ook die Apostoliese Geloofsbelydenis genoem.
 - *Geloofsbelydenis van Nicea*: In 325 nC is daar tydens die Kerkvergadering van Nicea ernstig verskil oor die godheid van Jesus Christus. Met hierdie belydenis word Christus se godheid beklemtoon.
 - *Belydenis genoem na Athanasius*: In 381 nC tydens die Kerkvergadering van Konstantinopel is die saak van die Drie-eenheid van God bespreek en bevestig.
- Ons Kerk gebruik die volgende drie belydenisskrifte:
 - *Heidelbergse Kategismus*: In Paltz in Duitsland het Frederik III aan twee predikante opdrag gegee om 'n kategesehandboek saam te stel. Hierdie belydenisskrif word só deel van ons belydenisskrifte.
 - *Nederlandse Geloofsbelydenis*: In Nederland het die Calvinistiese Protestante onder leiding van Prins Willem van Oranje in opstand gekom teen die leerstelling van die Rooms-Katolieke Kerk. Die Nederlandse Geloofsbelydenis, wat bestaan uit 37 artikels, is 'n verduideliking van die belangrikste geloofsartikels van die Kerkhervorming.

- *Dordtse Leerreëls*: Die stryd wat oor die leer van die uitverkiesing tussen Arminius en Gomarus geheers het, het op 'n hewige stryd uitgeloop. In 1618 het die Kerkvergadering van Dordrecht besluit dat die mens alleen op grond van die genade van God 'n uitverkorene is. Vyf Leerreëls oor die saak is toe vasgelê.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer in:

- Petrus se belydenis oor wie Jesus Christus is, is die oudste in die kerk: *U is die Christus, die Seun van die lewende God.*
- Die eerste Christene het hulle geloof bely wanneer –
 - hulle aanbid het,
 - mense gedoop is,
 - die Nagmaal bedien is, en
 - sendingwerk gedoen is.
- Geloofsbelydenisse is uitgebrei wanneer –
 - daar teenkanting teen die Christelike geloof was, en
 - daar nuwe en moeilike vrae aan die kerk gevra is (byvoorbeeld oor die godheid van Jesus Christus).
- Belydenisse het ontstaan onder leiding van die Heilige Gees.
- Ons Kerk gebruik die volgende drie geloofsbelydenisse:
 - Die Twaalf Artikels.
 - Geloofsbelydenis van Nicea.
 - Geloofsbelydenis genoem na Athanasius.
- Ons Kerk gebruik die volgende drie belydenisskrifte:
 - Heidelbergse Kategismus.
 - Nederlandse Geloofsbelydenis.
 - Dordtse Leerreëls.

IETS OM TE DOEN

- Verdeel die kinders in groepe, minstens een uit elke graad.
- Laat hulle die volgende vrae bespreek en terugvoer kom gee. Bring korreksies aan waar nodig.
- Op watter maniere bely jy jou geloof tydens die erediens? (*Deur in my gedagtes die geloofsbelydenis agter die dominee of ouderling aan te sê.*)
- Op watter maniere bely jy jou geloof by die huis? (*Deur die Here te gaan liefhê bo alles en almal en my naaste soos myself. Deur aan ander te vertel wie die Here is en hoe goed Hy vir my is.*)
- Op watter maniere kan jy jou geloof bely by die skool en op die sportveld? (*Soos hierbo, maar ook deur altyd soos 'n volgeling van Jesus Christus op te tree.*)
- Hoekom is belydenisskrifte vir die kerk belangrik? (*Dit verklaar wat ons glo en hoe ons ons geloof gaan uitleef – belydenisse is kort opsommings van die hoofwaarhede van die Bybel. Belydenisskrifte is verduidelikings van hierdie hoofwaarhede.*)

BY DIE HUIS

DOEN

- Herinner die kinders om in die loop van hierdie week aan iemand buite hul gesin te

- verduidelik wat hulle van God glo.
Ter wille van interessantheid moet hulle gaan uitvind waarom die ouderling tradisioneel in die Nederduitsch Hervormde Kerk die wet en die geloofsbelydenis voorlees.

LEER

Laat hulle die Twaalf Artikels gaan leer:

*Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.
En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het
en begrawe is en ter helle neergedaal het;
wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dood;
wat opgevaar het na die hemel, en sit aan die regterhand van God,
die almagtige Vader,
vanwaar Hy sal kom om te oordeel, dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.
Ek glo in die Heilige Gees.
Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die wederopstanding van die vlees,
en 'n ewige lewe.*

AFSLUITING

Sluit af met gebed.